Donderdag 29 Oktober
Skrifgedeelte: Johannes 14:15-31
Fokusgedeelte: Johannes 14:16-18

## In die Heilige Gees mag ons nooit onsself as weeskinders beskou nie

Vanaf Johannes 14 tot Johannes 17 het ons so 'n ryke gedeelte in God se Woord. Johannes 14 is gelaai met woorde van troos. In Johannes 15 is baie duidelike waarskuwings aan die orde. Johannes 16 sluit weer baie nou aan by Johannes 14 wanneer Jesus oor die werk van die Heilige Gees nog méér profeties gerig is. Johannes 17 sluit dit alles af met Jesus wat nie net as Profeet sy Gees aan ons openbaar nie, maar in Johannes 17 is Hy die volmaakte Hoëpriester wat priesterlik vir ons bid.

Dit wat Johannes 14 dan vanuit ons teksverse aan ons openbaar, is dat geen van dié dinge sonder die werk van die Heilige Gees na ons sou kon kom nie. Christus maak dit bekend dat Hy tot sy hemelse Vader gaan bid om 'n "ander Voorspraak" (Trooster/Parakleet) te stuur, wat dan vir ewig by ons sal bly. Hy, die Heilige Gees, is die "Gees van die waarheid", wat ons laat verstaan hoekom Christus moes weggaan. Ons ontvang nie net 'n "nuwe gebod" (dit waarmee ons gister besig was nie), ons gaan in Christus ook 'n "nuwe plek/woning" ontvang (vgl. Joh. 14:1-4). Christus se gebed om die Gees sal in alle opsigte nie net die plek van Christus op aarde vul nie, maar die Gees sal ons ook troos en help in die liefde wat ons vir God moet hê.

Ons mag in die Heilige Gees nooit onsself as weeskinders beskou nie. In alles wat die Heilige Gees vir ons doen, is God in sy liefde wat na ons toe kom. Ja, die Vader en die Seun woon deur die Heilige Gees by ons en in ons (vgl. vs 23). Dit maak dat ons liefde en trou teenoor die Here besonders sal wees.

God wat ons eerste liefgehad het, maak dat ons anders as die wêreldse mens na God en na dié wêreld gaan kyk. Die Heilige Gees laat selfs God se vrede in ons kom. 'n Vrede anders as waarna die wêreld smag. Mag ons in daardie vrede leef terwyl ons God se liefde elke dag opnuut ons eie maak.

*Sing: Skrifberyming 8-1 (14):1, 2*

*Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)*